**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**
**MEMORANDUM: VRAESTEL 2 GRAAD 10**
**JUNIE 2010**
**VRYSTAAT DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**MOTHEO DISTRIK**

## LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

■ **ALGEMEEN**

1. Gebruik die rubrieke in die riglyndokument.

Bylaag A: Vraag1 – Opstel
Bylaag B: Vraag 2.1 – Vriendskaplike brief
Vraag 2.2 – Verslag
Vraag 2.3 – Dialoog
Vraag 2.4 – Vriendskaplike brief
Bylaag C: Vraag 3.1 – Poskaart
Vraag 3.2 – Poskaart
Vraag 3.3 – Uitnodigingskaartjie

1. Bestudeer en bespreek die rubrieke baie deeglik.

2. As ŉ onderwerp misgetas is, moet die kandidaat volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan word.

3. Indien ŉ skryfstuk **enigsins uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**.

.

## AFDELING A

### Die verhalende opstel

ŉ Verhalende opstel vertel ŉ storie of gebeurtenis uit die verlede. Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

*Hou die volgende in gedagte wanneer ŉ verhalende opstel geskryf word:*

- Daar moet ŉ sterk storielyn wees en ook baie oortuigend wees as dit gebaseer is op fantasie.
- ŉ Verhalende opstel word gewoonlik in die verlede tyd geskryf.
- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- ŉ Goeie storie maak dikwels ŉ stelling.
- ŉ Buitengewone slot rond dit finaal af.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word. Die styl, retoriese stylmiddele en aksie moet volgehoue belangstelling verseker.
- ŉ Suksesvolle verhalende opstel lig sintuiglike besonderhede uit soos sig, klank, smaak, reuk en taktiele sensasies.
- ŉ Verhalende opstel het dikwels ŉ sterk beskrywende element.

### Die beskrywende opstel

In ŉ beskrywende opstel beskryf die skrywer iets en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef. Iets of iemand kan beskryf word.

*Hou die volgende in gedagte wanneer 'n beskrywende opstel geskryf word*:

- Die skrywer behoort 'n prentjie met woorde te teken.
- Woorde en uitdrukkings moet versigtig gekies word om die gewenste effek te bereik.
- Gebruik sintuiglike waarnemings.
- Gebruik stylfigure op 'n oorspronklike manier.
- Die leerder moet 'n onderwerp kies wat reeds ervaar is. Dit is baie moeilik om iets te beskryf sonder eerstehandse kennis.

**Vraag 2.1 en 2.4: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

- Die brief hanteer die inhoud op 'n vriendskaplike, meer persoonlike vlak.
- Die inleidingsparagraaf is oorspronklik en lei moontlik reeds die onderwerp in.
- Die taalgebruik en styl is gemaklike kommunikasie/gemoedelik/in 'n geselstrant.

**FORMAAT**

- Die adres is regs bo geskryf.
- Die datum is voluit geskryf.
- Die aanhef is teen die linkerkantlyn geskryf en is informeel.
- 'n Reël is tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die geselstrant in die brief dui op respek vir die ouer–kind–verhouding na aanleiding van die brief waarin die ouers hulle misnoeë teenoor hulle kind te kenne gee.
- "Groete"/"Liefde" is as 'n aparte paragraaf hanteer.
- "Julle seun/dogter" plus die skrywer se naam vorm die slot of die skrywer se naam alleen vorm die slot.
- Daar is geen punktuasie in die adres, aanhef of slot nie.

- **Voorbeelde van die adres:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kerkstraat 1 | Posbus 88 | Huis 342 | Plot 588 | Debrahof |
| Voorstad/Uitbreiding | Pleknaam | Pleknaam | Pleknaam | Pleknaam |
| Stad/Dorp | Kode | Kode | Kode | Kode |
| Kode | | | | |

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.
Die woord *straat* mag los geskryf word, bv. Wessels Straat/straat.

**Vraag 2.2 VERSLAG**

**'n Informele verslag** wat handel oor die besoek van die Vrystaatse premier aan die skool.

- Die inligting moet korrek wees.
- Paragrawe moet volgens die logiese verloop van die gebeure wees.
- Dit is kort en bondig.
- Adjektiewe kan gebruik word om die verslag interessant te maak en om te beskryf.
- Die liggaam van die verslag is soos volg:
  Wanneer die besoek was.
  Wie almal die skool besoek het.
  Hoekom die skool besoek is.
  Wat alles gebeur het.

**Vraag 2.3: DIALOOG**

- Die spreekbeurte volg op mekaar om 'n aaneenlopende gesprek te vorm.
- Word geskryf in 'n geselstrant: skryf soos hy/sy praat.

**FORMAAT**

- Die name van die sprekers is netjies onder mekaar neergeskryf.
- Na elke naam is 'n dubbelpunt, maar geen aanhalingstekens word gebruik nie.

- Laat 'n reël tussen elke spreekbeurt oop.
- Die spreekbeurte is in blokvorm.

**AFDELING C**

**Vraag 3.1 en 3.2: POSKAART**

- Die datum moet gegee word.
- Dit is NIE nodig om skrywer se adres te gee NIE.
- Skryf KORT sinne, omdat daar min plek is.
- Reëls word ook nie oopgelaat tussen die verskillende paragrawe nie. Daar is te min plek daarvoor
- Net die interessantste inligting word gegee.

**Vraag 3.3: Uitnodigingskaartjie**

**Uitnodiging:** Mense word uitgenooi na tradisionele kosdag by skool.

- Die volgende inligting moet gegee word:

Wie word genooi?
Waarvoor?
Waar?
Hoe laat?
Wanneer?
Van wie?
Hoe jy moet antwoord?

**SIEN DIE SKRYFSTUKKE NA MET DIE RUBRIEKE IN DIE RIGLYNDOKUMENT!!**

**OPSOMMING VAN VRAE IN VRAESTEL 3: NOVEMBER 2008**

| **SKRYF** | **TIPE SKRYFSTUK** | **LU 3**<br>Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doel–eindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik. | **ONDERWERP** | **AANBIEDING** | **UITDAGING** | **TOTAAL** | **DENKVLAK 1** | **DENKVLAK 2** | **DENKVLAK 3** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A VRAAG 1** | **OPSTEL** | **AS**<br>■ Beplan volgens doel, teikengroep en konteks.<br>■ Toon gebruik van skryf–strategieë.<br>■ Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan. | | | | | | | |
| 1.1 | Verh./Beskr. | | 1 | 2 | 2 | 5 | | √ | |
| 1.2 | Verh./Beskr | | 1 | 2 | 2 | 5 | | √ | |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3 | Verh./Beskr | | 1 | 2 | 2 | 5 | | √ | | |
| 1.4 | Verh./Beskr | | 2 | 2 | 2 | 6 | | √ | | |
| 1.6.1 – 4 | Al 6 tipes | | 3 | 3 | 3 | 9 | | | √ | |
| | | | | | | | | | | |
| **AFDELING B VRAAG 2** | **LANGER TRANSAK–SIONELE TEKSTE** | | | | | | | | | |
| 2.1 | Vriendskaplike brief | | 1 | 1 | 1 | 3 | √ | | | |
| 2.2 | Verslag | | 3 | 3 | 3 | 9 | | | √ | |
| 2.3 | Dialoog | | 3 | 3 | 3 | 9 | | v | v | |
| 2.4 | Vriendskaplike brief | | 2 | 2 | 2 | 6 | | √ | | |
| | | | | | | | | | | |
| **AFDELING C VRAAG 3** | TRANSAK–SIONELE, NASLAAN– EN INFORMATIEWE TEKSTE | | | | | | | | | |
| 3.1 | Poskaart | | 1 | 1 | 1 | 3 | √ | | | |
| 3.2 | Poskaart | | 1 | 1 | 1 | 3 | √ | | | |
| 3.3 | Uitnodigingskaartjie | | 2 | 2 | 2 | 6 | | √ | | |
| **15 onder–werpe/keuses** | **13 tipes skryfstukke** | | | | | | 3 | 6 | 3 | |

**1-3: Denkvlak 1**
**4-6: Denkvlak 2**
**7-9: Denkvlak 3**